Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT




# 2025

## Toelatingsvereistes vir voorgraadse programme

## Universiteit Stellenbosch Opedag: Saterdag, 20 April 2024

Op ons jaarlikse op kampus Opedag verwelkom ons graad 11- en 12-leerders, ouers, onderwysers en voorligters by die Stellenbosch en Tygerberg kampusse. Kom en woon spesiaal voorbereide inligtingsessies, uitstallings en demonstrasies by in wêreldklasfasiliteite. Besoek ons pragtige kampus en ervaar die lewendige studentegemeenskappe en koshuise. **Opedag webtuiste:** Indien jy nie die kampus kan besoek nie kan jy steeds by ons aansluit vanuit die gerief van jou huis, skool of enige gerieflike ontmoetingsplek wat Wi-Fi bied. Besoek die opedag webtuiste tussen 6 April en 31 Julie 2024 en kry toegang tot al die opedag inligtingsessies. Bly op hoogte: besoek www.maties.com.

## Konsultasiesessie

Leerders (en hulle ouers of voogde) kan individuele persoonlike of aanlyn afsprake met 'n Studentewerwingspraktisyn maak. Afsprake dek onderwerpe soos die verskillende loopbaanmoontlikhede sowel as die voorgeskrewe proses om by die Universiteit aansoek te doen. Besprekings: csr@sun.ac.za / 021 808 4709

## Voorligting en -assesserings

Leerders (en hulle ouers of voogde) kan individuele persoonlike of aanlyn afsprake vir vakkeuse (graad 9) of studieloopbane (graad 11 of 12) assesserings en voorligting maak. Hierdie dienste word teen 'n tarief van R2850 (Ma – Vry) of R3350 (Sat) per leerder, deur een van ons onafhanklik gekontrakteerde opvoedkundige/ voorligtingsielkundiges, aangebied. Assesserings vind op kampus of aanlyn plaas, gevolg deur 'n individuele aanlyn terugvoersessie en 'n skriftelike verslag. Besprekings: csr@sun.ac.za / 021 808 4709

## Basiese toelatingsvereistes vir universiteitstudie

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Independent Examinations Board (IEB)- skooleindsertifikaat soos gesertifiseer deur Umalusi met toelating tot baccalaureus-graadstudie.
- Met die uitsondering van School of Tomorrow matrikulante en aansoekers vir programme in die fakulteit Regsgeleerdheid gebruik die Universiteit nie die Nasionale Normtoetse (NNT's) vir toelating tot programme met die oog op studie in 2024 nie.
- Kyk spesifieke minimum toelatingsvereistes by die individuele programme.
- Kyk die fakulteite se keuringsriglyne op www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.

## Internasionale aansoekers

Die studierekord van aansoekers wat met 'n internasionale kwalifikasie aansoek doen, sal deur die Toelatingskantoor in samewerking met Stellenbosch Universiteit Internasionaal evalueer word. Meer inligting vir aansoekers met internasionale kwalifikasies is beskikbaar by www.maties.com > Aansoek > Internasionale kurrikulums.

# FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

## BAgric in Agribesigheidsbestuur (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BScAgric Landbou-Ekonomiese Analise en Bestuur; BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusarea Landbou-Ekonomie

**Loopbaangeleenthede:** Bestuurder by landbou en landbou-verwante ondernemings (agri-ondernemings) wat op gewasproduksie of diereproduksie gerig is. Landbou-ekonoom by finansiële instelling (lewensvatbaarheidstudies en kontantvloeibeplanning).

## BSc in Bewaringsekologie (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Biodiversiteit en Ekologie, BSc in Bosbou (Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe)

**Loopbaangeleenthede:** Loopbane in omgewingsimpakassessering en -monitering, restourasie-ekologie, bewaringsbiologie, wildplaasbestuur, ekotoerisme, volhoubare landbou, bosbou en organiese plantbestuur, gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbestuur en navorsing in bewaringsbiologie.

## BSc in Bosbou (Bosbou en Houtwetenskappe) (BScBosb) (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Kyk ook die bykomende toelatingsvereistes by spesifieke rigtings.

**Rigtings**

- Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe
  - Wiskunde **60%**
  - Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**
- Hout- en Houtprodukkunde
  - Wiskunde **70%**
  - Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **60%**

**Soortgelyke programme:**
Vir Bosbou- en Natuurlike Hulpbronwetenskappe: BSc in Bewaringsekologie; BSc Plant- en Grondwetenskappe; BSc in Aardwetenskap
Vir Hout- en Houtprodukkunde: BIngenieurswese (Bedryfs); BSc in Geoinformatika

**Loopbaangeleenthede:**
***Bosbou- en Hulpbronwetenskappe:*** Werk as bosboukundige houtkweker, omgewingsbeplanner, bosbounavorser, ondernemer, voorligter of konsultant, logistiese bestuurder, boomteler, adviseur vir landelike ontwikkeling en entrepreneur.
***Hout en Houtprodukkunde:*** Werk as houtprodukkundige, bestuurder in vervaardigingsaanleg vir houtprodukte, produkontwikkelingsbestuurder, kwaliteitskontroleerder, konsultant en navorser.

## B in Datawetenskap (BDatSci) (4 jaar)

Interfakultêre program.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **80%** (Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde **80%**
- Afrikaans Huistaal **60%** OF
- Engels Huistaal **60%** OF
- Afrikaans Eerste addisionele taal **75%** OF
- Engels Eerste addisionele taal **75%**

**Rigting**
- Statistiese Genetika

**Loopbaangeleenthede:** Statistiese genetika is die veld van studie waar statistiese metodes gebruik word om inferensie te doen op genetiese data. Dit word gebruik in velde soos kwantitatiewe populasie genetika vir plantkundige propagering/teeling en vir omgewings- en beskermings-genetici asook in getenetiese epidemiologie waar die effek van van die gene op siekte bestudeer word.

## BScAgric in Diereproduksiestelsels (4 jaar)

- n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Rigting**
- Veekunde

**Soortgelyke programme:** Enige BScAgric program met dieselfde eerste semester modules; versoek oorskakeling na 1e semester of 1e akademiese jaar; BAgric in Landbouproduksie en bestuur (Elsenburg) met fokusarea Diereproduksie of Voorligting & Diereproduksie

**Loopbaangeleenthede:** Konsultant, entrepreneur, bestuurder, tegnikus, voorligter of produksiebestuurder in veekunde- en veekundeverwante bedrywe (bv. dierevoeding, vleiskunde, dierefisiologie, dierereproduksie en diereteling), of in die akwakultuurbedryf, veeboer en selfs wildboer.

## BScAgric in Landbou-ekonomie (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Rigtings**
- Landbou-ekonomiese Analise
- Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur
- Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur met Voedselwetenskap
- Landbou-ekonomie met Voedselwetenskap

**Soortgelyke programme:** BCom (Bestuurswetenskappe) met fokusarea Landbou-Ekonomie

**Loopbaangeleenthede:** Navorsers in makroekonomiese ontleding (impakbepaling en ontwerp van landbou- en voedselbeleid); landbou-ekonome by finansiële instellings of bemarkingsorganisasies (waardasies, risikoontledings, sakeplanne, kontantvloei); bestuurders en spesialiste by organisasies in die openbare sektor of by internasionale organisasies in ekonomiese ontwikkeling (bv. die Wêreldbank). Bestuurder van voedselverwerkings onderneming.

## BAgric in Landbouproduksie en bestuur: Elsenburg (3 jaar)

Hierdie program word in samewerking met die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg aangebied. Studente woon op die Elsenburgkampus waar hulle al hul opleiding ontvang. Meer inligting oor die program by 021 808 7700.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **55%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%** OF Lewenswetenskappe **50%** OF Landbouwetenskappe **50%**

**Rigtings**
- Diereproduksie
- Kelderbestuur
- Keldertegnologie
- Plantproduksie
- Plant- en Diereproduksie
- Voorligting en Diereproduksie
- Voorligting en Plantproduksie

**Loopbaangeleenthede:** Algemene boerderybestuurder, landbouproduksiebestuurder, wynmaker, kelderbestuurder, voorligter, beroepe in agritoerisme, navorsing, onderwys en opleiding in jou gekose studierigtings.

## BScAgric in Plant en Grondwetenskappe (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**
- Kyk die verhoogde toelatingsvereiste vir die rigting Grond en Waterbestuur

**Rigtings**
- Gewasproduksiestelsels
- Gewasproduksiestelsels met Agronomie, Landbou-ekonomie en Veekunde
- Gewasbeskerming en -teling
- Grond- en Waterbestuur

*Indien jy in hierdie rigting Grondkunde en Chemie as hoofvakke neem:*
- Wiskunde **70%**

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Wingerd- en Wynkunde; BSc in Molekulere Biologie en Biotegnologie; BSc in Biodiversiteit en Ekologie; BSc in Earth Sciene; BAgric in Landbouproduksie en bestuur (Elsenburg) met fokusare Plantproduksie of Voorligting en Plantproduksie.

**Loopbaangeleenthede:** Beroepe in gewasproduksie (akkerbou, sagtevrugte, sitrus, fynbos, wingerd en kweekhuis), gewasbeskerming, genetiese gewasverbetering en grond- en waterbestuur. 'n Verskeidenheid loopbane in die landboubedryf of in die landbouverwante bedrywe, soos konsultant, entrepreneur, bestuurder, voorligter, tegnikus of navorser.

## BSc in Voedselwetenskap (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc Dieetkunde; BSc in Molekulere Biologie en Biotegnologie; BSc in Chemie

**Loopbaangeleenthede:** Voedselwetenskaplikes word onder meer in diens geneem om kwaliteitsversekering, produkontwikkeling, navorsing, tegniese ondersteuning, verkope, aankope en produksiebestuur in die voedselbedryf te doen.

## BScAgric in Wingerd- en Wynkunde (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **50%**

**Soortgelyke programme:** BScAgric Plant & Grondwetenskappe; BSc in Molekulere Biologie en Biotegnologie; BAgric in Landbouproduksie en bestuur (Elsenburg) met fokusarea Kelderbestuur of Keldertegnologie

**Loopbaangeleenthede:** Wynmaker, wingerdkundige, navorser, produksiebestuurder, bemarker, tegnikus, konsultant of entrepreneur in wynverwante bedrywe.

## Verlengde Kurrikulum Programme (VKP's)

'n VKP behels een bykomende studiejaar. Met die uitsondering van BAgric in Landbouproduksie en -bestuur (aangebied deur Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut)

**'n NSS/IEB-gemiddeld van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)**
**Engels OF Afrikaans**
**(Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%**
**EN**
**Voldoen aan een van die volgende kombinasies:**

| **Kombinasie 1:** | **Kombinasie 2:** |
|---|---|
| Wiskunde tussen **55% en 59,9%** | Wiskunde **≥ 60%** |
| Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **≥ 50%** | Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **tussen 45% en 49,9%** |

**Vir die BScAgric met Grondkunde en Chemie as hoofvakke:**

| **Kombinasie 1:** | **Kombinasie 2:** |
|---|---|
| Wiskunde tussen **60% en 69,9%** | Wiskunde **≥ 70%** |
| Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **≥ 50%** | Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **tussen 45% en 49,9%** |

**Vir die BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde):**

| **Kombinasie 1:** | **Kombinasie 2:** |
|---|---|
| Wiskunde tussen **60% en 69,9%** | Wiskunde **≥ 70%** |
| Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **≥ 60%** | Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) **tussen 55% en 59,9%** |

# FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

**Toelatings- en keuringsvereistes**

'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) soos gesertifiseer deur Umalusi met 'n punt van minstens 4 (**50%**) in vier van die skoolvakke uit hier die lys skoolvakke: Besigheidstudies; Dramatiese Kunste; Ekonomie; Fisiese Wetenskappe; Geografie; Geskiedenis; Inligtingstegnologie; Ingenieursgrafika en -ontwerp; Landbouwetenskappe; Lewenswetenskappe; Musiek; Rekeningkunde; Religiestudies; Verbruikerstudie; Visuele Kunste; Wiskunde; Wiskundige Geletterdheid; Tale (een taal van leer en onderrig aan 'n hoëronderwysinstelling en tot twee ander erkende taalvakke).

### ALGEMENE GRAADPROGRAMME

## BA in Geesteswetenskappe# (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **63%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
  *Indien jy Sosio-Informatika as universiteitsvak wil neem, dan ook:*
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **70%**

**Soortgelyke programme:** BA graad

**Loopbaangeleenthede:** Jy kan kies uit 'n groot aantal vakke wat fokus op een van die twee bane. Nagraadse opleiding kan lei tot beroepe as onderwyser, sielkundige, taalpraktisyn, joernalis, stads- en streekbeplanner. Bane:
- Die mens se Denke, Taal, Kultuur en Kuns
- Die Mens en die Samelewing

## BA in Taal en Kultuur# (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **63%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **50%**

**Soortgelyke programme:** BA in Geesteswetenskappe; BA in Internasionale Studie; BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie

**Loopbaangeleenthede:** Loopbane in die taal- en kultuurprofessies, diplomatiekediens, onderwys, uitgewersberoep, advertensiewese, toerisme, joernalistiek en die vertalingsbedryf.

### GESPESIALISEERDE GRAADPROGRAMME

## BA in Drama- en Teaterstudie (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **60%**
- Eerste Addisionele Taal **50%**
- Keuringsvereistes beskikbaar by www.maties. com > Aansoek > Aansoekdokumente of by akg@sun.ac.za.
- Kandidate moet gedurende Augustus beskikbaar wees vir 'n oudisie en/of onderhoud by die Drama departement in Stellenbosch

**Loopbaangeleenthede:** Hierdie kwalifikasie berei jou voor vir 'n loopbaan in die teater- en mediabedryf en gee jou toegang tot verwante terreine soos skakel- en bemarkingswese, onderwys en kultuursake.

Bane:
- Toneelspel en Performance-opleiding
- Tegniese en Bestuursopleiding

## BA in Internasionale Studie# (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **63%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Engels Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

**Soortgelyke programme:** BA in Geesteswetenskappe; BA in Taal en Kultuur; BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie; BCom (Internasionale Besigheid)

**Loopbaangeleenthede:** Diplomatieke diens, parlement, nasionale intelligensie-agentskap, toerismebedryf, internasionale joernalistiek, skakelwese, invoer en uitvoerbedryf, bevordering van handel en investering (bv. Wesgro), wêreld-organisasies (Verenigde Nasies, Amnesty International, World Economic Forum).

## B in Maatskaplike Werk (4 jaar)

**100 plekke in die program**

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **63%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **50%**

**Soortgelyke programme:** BTh (Baccalaureus in die Teologie)

**Loopbaangeleenthede:** Maatskaplike werker by staatsdepartemente, niewinsgewende organisasies, fasiliteite vir mense met spesiale behoeftes, skole, hospitale, in die bedryfsopset en as privaat praktisyns. Kan ook internasionaal praktiseer.

## BA in Menslike Hulpbronbestuur# (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **63%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **70%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Menslike Hulpbronbestuur; BCom (Bedryfsielkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Opleidingsbestuurder, menslikehulpbronbestuurder, psigometris, bestuurskonsultant, arbeidsverhoudingpraktisyn. Lei tot nagraadse studie in Menslikehulpbronbestuur of Bedryfsielkunde.

## B in Musiek (BMus) (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringsliggame se Graad V-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za.

*Indien jy Wiskunde as universiteitsvak wil neem, dan ook:*
- Wiskunde **70%**

**Loopbaangeleenthede:** Musiekonderwyser, uitvoerende kunstenaar, begeleier, musiekregisseur, dosent, musiekwetenskaplike, komponis of dirigent. Musiekverwante beroepe soos joernalis, 'n verwerker van musiek of musiektegnoloog. Kan nagraads spesialiseer in musiekopvoeding, uitvoering, kamermusiek/begeleiding, solosang/solospel, musiekwetenskap, komposisie, musiektegnologie, etnomusikologie of koorleiding.
Bane:
- Uitvoerende Kuns
- Komposisie
- Musiekopvoeding
- Musiektegnologie
- Musiekwetenskap

## BA in Musiek (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringsliggame se Graad V-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za.

*Indien jy Wiskunde as universiteitsvak wil neem, dan ook:*
- Wiskunde **70%**

**Loopbaangeleenthede:** Privaat musiekonderwyser, uitvoerende kunstenaar, begeleier. Nagraadse studie in jou gekose hoofvak ontsluit verdere moontlikhede soos musiekjoernalis, musiekterapeut, of hoërskoolonderwyser.

## Diploma in Praktiese Musiek (3 jaar)

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat met minstens **40%** in elk van vier skoolvakke (Lewensoriëntering uitgesluit)
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringliggame se Graad III/ IV-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za.

**Loopbaangeleenthede:** Instrumentale of sangonderwyser, dirigent, kerkorrelis, uitvoerende kunstenaar of orkesspeler.

## Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek (1 jaar)

- Jy moet in besit wees van 'n Diploma (Praktiese Musiek) of 'n ander kwalifikasie in musiek wat deur die Senaat as voldoende beskou word.
- Jy word volgens 'n praktiese oudisie gekeur. Indien jy nie oor die nodige kwalifikasies beskik nie, kan jy toegelaat word op voorwaarde dat jy aanvullende werk doen.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za.

**Loopbaangeleenthede:** Uitvoerende kunstenaar, begeleier, musiekonderwyser of dirigent. Studie kan lei tot BMus met spesialisasie in Musiekopvoeding, Uitvoering in Kamermusiek of Begeleiding, Solosang of Solospel, Musiekwetenskap, Komposisie, Musiektegnologie, Kerkmusiek, Etnomusikologie of Koorleiding.

## Hoër Sertifikaat in Musiek (1 jaar)

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad V/VI-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringsliggame se Graad III/ IV-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za

**Loopbaangeleenthede:** Jy kan 'n bydrae lewer tot musiekprojekte in die gemeenskap. Hierdie kwalifikasie kan jou voorberei vir die Diploma in Praktiese Musiek of een van die musiekgraadprogramme, mits jy aan al die toelatingsvereistes voldoen.

## BA in Ontwikkeling en Omgewing# (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **63%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
  Indien jy Sosio-Informatika as universiteitsvak wil neem, dan ook:
- Wiskunde **50%** OF Wiskundige Geletterdheid **70%**
  Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programme:** BSc in GeoInformatika; BSc in Aardwetenskap; BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Openbare en Ontwikkelingsbestuur; Diploma in Volhoubare Ontwikkeling

**Loopbaangeleenthede:** Loopbane in gemeenskapsontwikkeling, bevolkingsontwikkeling, stads- en streekbeplanning, toerisme, hulpbronbestuur en omgewingsbeplanning in die openbare en privaat sektore.

## BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie (PPE) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **63%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programme:** BA in Geesteswetenskappe; BA in Taal en Kultuur; BA in Internasionale Studie; BCom (Ekonomiese Wetenskappe); BCom (Internasionale Besigheid); B in Datawetenskappe (BDatSci): Fokusarea Gedragsekonomie

**Loopbaangeleenthede:** Bestuurder, joernalis, besigheids of belegginsanalis, entrepreneur, diplomaat, staatsamptenaar, navorser, konsultant of akademikus.

## BA in Regsgeleerdheid (3 jaar)

Kyk onder die Fakulteit Regsgeleerdheid, **bladsy 9**.

## BA in Sportwetenskap (3 jaar)

**Plek vir 60 studente**. Bywoning van en deelname aan sportpraktika is verpligtend.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- Wiskunde **40%** OF Wiskundige Geletterdheid **70%**
- Fisiese Wetenskappe **40%** OF Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Sportwetenskap; BSc in Menslike Lewenswetenskappe; BSc in Fisioterapie

**Loopbaangeleenthede:** Sportafrigting, rekreasieleierskap, sportadministrasie, sportbemarking, sportbestuur, werk met mense met gestremdhede, fiksheidsindustrie, biokinetika (na voltooiing van honneursgraad en internskap), sportnavorsing en onderwys (liggaamlike opvoeding). Sportwetenskap kan met Geografie en Omgewingstudie, Sielkunde, Afrikaans en Nederlands of English Studies gekombineer word.

## BA in Visuele Kunste (4 jaar)

**Plek vir 60 studente.**

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Huistaal **50%**
- Eerste Addisionele Taal **40%**
- Lewer 'n voorgeskrewe portefeulje van kunswerke in teen **1 September.** Voorskrifte vir die portefeulje is beskikbaar by www.maties.com > Aansoek > Aansoekdokumente.

**Loopbaangeleenthede:** Professionele kunstenaar, kunsonderwyser, grafiese ontwerper, illustreerder, juweliersware-ontwerper en -vervaardiger, kunskritikus of kunsteoretikus. Verwante beroepe: verhoogontwerper, boekontwerper, kurator, museum- en kunsgalerykurator, kunshandelaar, kunsentrepreneur, gemmoloog, tegniese produksiewese (beeldhou, sweis, gietwerk, litografie) en velde soos filmproduksie, kunsdireksie, fotografie, advertensiewese.
Bane:
- Juwelierswareontwerp
- Skone Kunste
- Visuele Kommunikasie-ontwerp

## B in Datawetenskap (BDatSci) (4 jaar)

**Interfakultêre program.**

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **80%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
  *PLUS een van die volgende:*
- Afrikaans Huistaal **60%** OF
- Engel Huistaal **60%** OF
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal **75%** OF
- Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

Baan
- Geoinformatika

**Loopbaangeleenthede:** Geoinformatika is die wetenskap en tegnologiese bestudering van die struktuur en eienskappe van ruimtelike inligting, die vaslegging daarvan, die klassifikasie daarvan asook die voorstelling en ontleding daarvan.

## # Verlengde Kurrikulum Programme (VKP's) (4 jaar)

Alle programme met 'n # gemerk word ook as 'n VKP aangebied. Aansoekers word vir die verlengde kurrikulum programme gekeur volgens die oordeel van die Fakulteit.

# FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

**Toelating en keuring**

Alle aansoekers moet voldoen aan die minimum toelatingsvereistes van die program waarvoor hulle aansoek doen. Neem asseblief kennis dat alle aansoekers 'n algemene keuringsproses ondergaan. Dus, selfs al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes van 'n program, kan jy dalk nie tot daardie program toegelaat word nie. Besoek die Fakulteit se webblad by www.sun.ac.za/ems vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit toegepas word.

## VOORGRAADSE DIPLOMAPROGRAM

### Diploma in Volhoubare Ontwikkeling (3 jaar)

Kandidate word gekeur op grond van akademiese meriete en 'n geskrewe motivering as deel van die departementele aansoekvorm. 30 studente word gekeur. Die onderrigtaal is Engels.

- 'n NSS gemiddelde van minstens **55%** (uitgesluit Lewensoriëntering).
- Engels Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%** EN
- Wiskunde **50%** OF
- Wiskundige Geletterdheid **60%** OF
- Wiskunde **40%** of Wiskundige Geletterdheid **50%** EN **60%** vir Besigheidstudies of Ekonomie of Rekeningkunde

**Soortgelyke programme:** BA in Ontwikkeling en Omgewing; BSc in GeoInformatika; BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Openbare en Ontwikkelingsbestuur

**Loopbaangeleenthede:** Die Diploma sal jou entrepreneuriese en intrapreneuriese vaardighede bou. Entrepreneurs is onafhanklike denkers wat hul kennis en vaardighede gebruik om werksgeleenthede vir hulself en ander te skep. Intrapreneurs is innoverende, aksie-georiënteerde, selfgemotiveerde mense wat positiewe verandering in organisasies en maatskappye aandryf. Werksgeleenthede by maatskappye wie se werk ooreenstem met die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte

## GRAADPROGRAMME MET 'n REGSFOKUS

Vir toelatingsvereistes, kyk by die Fakulteit Regsgeleerdheid, **bladsy 9**.

BCom (Regsgeleerdheid) (3 jaar)
BRekLLB (5 jaar)

## BREË GRAADPROGRAMME MET VERSKEIE BEROEPSFOKUSSE

### BCom (Bestuurswetenskappe) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%**

**Fokusareas**
- Beleggingsbestuur
- Bemarkingsbestuur
- Besigheidsanalitiek
- Entrepreneurskap en Innovasie
- Finansiële Beplanning
- Finansiële Bestuur
- Informasiestelselbestuur
- Landbou-ekonomie
- Logistiek en Voorsieningskettingbestuur
- Menslikehulpbronbestuur
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Landbou-ekonomie; BAgric in Agribesigheidsbestuur; BA in Ontwikkeling en Omgewing; BA in Menslikehulpbronbestuur; BCom (Ekonomiese Wetenskappe); BCom (Wiskundige Wetenskappe); BCom (Internasionale Besigheid)

**Loopbaangeleenthede:**
***Beleggingsbestuur:*** Vir diegene wat belangstel in 'n loopbaan as 'n beleggingsbestuurder, beleggingsontleder, aandelemakelaar, portefeuljebestuurder of batebestuurder by 'n beleggingsbestuursfirma, groot korporasie, trust of stigting.
***Bemarkingsbestuur:*** Bemarkers fokus op produkbesluite, prysbepaling, verspreiding van produkte/dienste en die bekendstelling daarvan. Moontlike loopbane: bemarkingsbestuurder, verkoopsbestuurder, kliëntebestuurder en reklamebestuurder.
***Besigheidsanalitiek:*** Loopbane in die velde van besigheidsintelligensie, konsultasie, gevorderde analise, navorsing in verskeie sektore soos banke, kleinhandelmaatskappye en navorsingsinstellings.
***Entrepreneurskap en innovasie:*** Dit stel jou in staat om eie werksgeleenthede te skep en ook om 'n kreatiewe bydrae tot ander ondernemings te maak. As jy belangstel om deel te word van 'n entrepreneuriese en/of innovasiespan van 'n organisasie sal hierdie fokusarea vir jou van belang wees.
***Finansiële beplanning:*** Hierdie kursus is geskik vir diegene wat belangstel in 'n loopbaan as 'n professionele finansiële beplanner of adviseur in die finansiëledienstebedryf (met 'n versekeringsmaatskappy, 'n onafhanklike finansiëledienstepraktyk, of in die banksektor). Dit is ook bedoel vir diegene wat belangstel in 'n loopbaan as 'n welvaartbestuurder, makelaar, konsultant, versekeringspesialis of kliënteverhoudingsbestuurder.
***Finansiële bestuur:*** Of jy 'n eie onderneming oorweeg of vir 'n groot maatskappy wil werk, 'n goeie kennis van finansiële bestuur is noodsaaklik vir sukses. Loopbane is beleggingsanalis, finansiële bestuurder of finansiële adviseur.
***Informasiestelselbestuur:*** Kennistegnologie word met die bedryf van 'n onderneming geïntegreer om aan die eise van produktiwiteit, effektiwiteit en (soms) innovasie te voldoen.
***Landbou-ekonomie:*** Werksgeleenthede sluit in entrepreneurskap, algemene bestuur, finansiële bestuur en logistieke bestuur by die lewering van landbou-insette en -dienste, die verwerking en verspreiding van landbouprodukte en by landboufinansiering.
***Logistieke bestuur:*** 'n Logistieke bestuurder beplan die vloei en opberging van goedere, dienste en verwante inligting vanaf die plek van oorsprong tot by die plek van verbruik. Posisies in hierdie veld sluit in verkrygingsontleder, uitvoerkoördineerder, aanvraagbeplanner, kontrakbestuurder, aanbod- en logistieke bestuurder, projekbedryfsbestuurder, bedryfsdirekteur.
***Menslikehulpbronbestuur:*** Kan lei tot niestatutêre registrasie as 'Human Resource Practitioner' by die South African Board for People Practices. Moontlike loopbane is menslikehulpbronbestuurder, marknavorser, opleidingsbestuurder, konsultant en arbeidsverhoudingebestuurder. Vir statutêre registrasie as Psigometris of Bedryfsielkundige kyk BCom (Bedryfsielkunde) verderaan.
***Openbare en ontwikkelingsbestuur:*** Bestuursberoepe in die openbare, vrywillige en ontwikkelingsektor soos algemene, strategiese, finansiële, personeel-, projek- of programbestuurder. Ontwikkelingsbeplanner; gemeenskapsontwikkelaar of 'n spesialis in beleids- en bestuursnavorsing.

### BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengde Kurrikulum Program (VKP) (4 jaar)

Hierdie program word oor vier jaar aangebied. Jy moet aan die minimum toelatingsvereistes voldoen en jy sal voorkeur kry as jy ook voldoen aan die sosio-ekonomiese status (SES) vereistes van die Universiteit se toelatingsbeleid en die SES-vlak wat deur die Universiteit bepaal word. **Ongeveer 100 studente kan elke jaar in die program geakkommodeer word.**

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **50%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

## BCom (Ekonomiese Wetenskappe) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%**

**Fokusareas**
- Ekonometrie
- Ekonomiese en Bestuurskonsultasie
- Finansiële Sektor
- Vervoerekonomie

**Soortgelyke programme:** BScAgric in Landbou-ekonomie; BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studies (PPE); BCom (Bestuurswetenskappe); BCom (Wiskundige Wetenskappe); B in Datawetenskappe (BDatSci): Fokusarea Gedragsekonomie

**Loopbaangeleenthede:** Ekonomie laat 'n wye keuse van beroepe toe. Alhoewel sommige beroepe nagraadse studies in Ekonomie en Ekonometrie vereis, het ondervinding getoon dat voorgraadse kwalifikasies in Ekonomie goeie opbrengste vir loopbane in die sakewêreld en in die openbare sektor oplewer. In besigheid fasiliteer mikro-ekonomie logiese besluitneming in die onderneming terwyl makro-ekonomie insig gee in die ekonomiese omgewing waarbinne die onderneming funksioneer. Ekonomie as hoofvak kan ook die waarskynlikheid van bevordering in staatsdepartemente verbeter. Ekonomie skep ook geleenthede in onderrig en word aanbeveel vir studente wat 'n loopbaan in joernalistiek in die vooruitsig stel.

## BCom (Wiskundige Wetenskappe) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **70%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **75%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

**Fokusareas**
- Datawetenskap
- Finansiële Risikobestuur
- Operasionele Navorsing

**Soortgelyke programme:** B in Datawetenskap (BDatSci); BSc in Rekenaarwetenskap; BIng; BSc in Fisika; BSc in Wiskundige Wetenskappe; BSc met fokusarea Bioinformatika en Berekeningsbiologie, of Biomediese Wiskundige Wetenskappe

**Loopbaangeleenthede:**
***Datawetenskap:*** Datawetenskap is 'n interdissiplinêre veld wat wetenskaplike metodes, prosesse, algoritmes en stelsels gebruik om kennis en insigte uit data te onttrek in verskeie vorme, beide gestruktureerd en ongestruktureerd. Kunsmatige intelligensie, masjienleer, groot data - hierdie konsepte is die kern van datawetenskap. Met die stortvloed van data kom die toenemende behoefte vir mense om sin te maak van die data. Studies het getoon dat statistiese analise en data-vernuf van die topvaardighede wat tans wêreldwyd in aanvraag is, is, en dat die vraag die aanbod ver oortref.
***Finansiële risikobestuur:*** Persone met opleiding in finansiële risikobestuur, wiskundige statistiek en finansiële wiskunde kan by groot finansiële instellings werk as finansiële kwantitatiewe analiste soos finansiële risikobestuurders, portefeuljebestuurders en finansiële-instrumenthandelaars.
***Operasionele navorsing:*** 'n Operasionele navorser los praktiese probleme vir ondernemings op deur wiskundige modelle te soek wat die beste moontlike antwoorde bied vir komplekse situasies in fabrieke, sakeondernemings, banke en die mynbou- en landbousektore.

## BCom (Internasionale Besigheid) (4 jaar)

Die BCom (International Business)-program is 'n streng keuringsprogram met vasgestelde kriteria waaraan voldoen moet word om van een akademiese jaar na die volgende voort te gaan. Die derde studiejaar sluit 'n uitruilsemester by 'n internasionale vennootuniversiteit in. Die onderrigtaal is Engels.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **80%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **70%**
- Engels Huistaal **70%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **80%**
- Enige addisionele taal **70%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Bestuurswetenskappe)

**Loopbaangeleenthede:** Interaksie met internasionale studente en die globale mark berei jou voor vir 'n rol in internasionale maatskappye as bemarkingsbestuurder, finansiële bestuurder, entrepreneur of innovasiebestuurder.

## B in Datawetenskap (BDatSci) (4 jaar)

**Interfakultêre program.**

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **80%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
- Huistaal **60%**
- As Engels nie jou huistaal is nie, Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

**Fokusareas**
- Analitika en Optimering
- Gedragsekonomie
- Statistiese Leer

**Soortgelyke programme:** BCom (Wiskundige Wetenskappe) Fokusarea: Datawetenskap

**Loopbaangeleenthede:**
***Analitika en Optimering:*** Operasionele navorsing is 'n analitiese benadering tot datagedrewe probleemoplossing en besluitneming. Probleme word in basiese komponente opgebreek en dan in gedefinieerde stappe deur wiskundige metodes opgelos. Bedryfsnavorsers gebruik wiskundige optimalisering om die beste prestasie onder die gegewe omstandighede te bepaal. Hulle gebruik simulasie om te eksperimenteer en oplossings te toets voordat hulle dit geïmplementeer word en analise om risiko's en nuttige insigte te ontbloot, en om betroubare voorspellings te maak. Die tegnieke wat in hierdie fokusarea aangebied word, gee datawetenskaplikes 'n unieke voorsprong om optimale oplossings vir werklike wêreldprobleme te vind, en dit maak deure oop vir loopbane in gebiede soos besigheidsanalise en konsultasie.
***Gedragsekonomie:*** Datawetenskaplikes werk dikwels met data wat aspekte van menslike gedrag vasvang en besluite weerspieël wat deur beleggers, verbruikers, werkers, politici, maatskappye en bestuurders geneem word. Gedragsekonomie ondersoek hoe sielkundige en ekonomiese faktore hierdie besluite beïnvloed. Hierdie fokusarea sal jou toerus met die vaardighede, modelle en teorieë om menslike gedrag te verstaan, te voorspel en te beïnvloed.
***Statistiese leer:*** In byna alle omgewings word besluitneming gedryf deur massiewe hoeveelhede data, wat beteken dat daar 'n groot behoefte is aan vaardige individue wat sin kan maak uit hierdie datavloed. In die algemeen behels datawetenskap die insameling en berging van data, die transformasie en grafiese voorstelling van data en die ontleding van data om voorspellings of afleidings te maak. Die fokusarea vir statistiese leer behels die identifisering van tendense en patrone in data, en die gebruik daarvan om statistiese modelle te konstrueer, wat gebruik kan word om te voorspel of te

klassifiseer. Dit is 'n belangrike taak in alle industrieë, wat beteken dat individue met hierdie spesifieke vaardighede kan werk om werklike probleme op te los wat in 'n verskeidenheid domeine voorkom.

## GRAADPROGRAMME VIR PROFESSIONELE REGISTRASIE

### BCom (Aktuariële Wetenskap) (3 jaar)

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **80%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **80%**
- Huistaal **60%**
- Indien Engels nie die huistaal is nie, Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Wiskundige Wetenskappe)

**Loopbaangeleenthede:** Om as Aktuaris te kwalifiseer (Fellow of the Actuarial Society of South Africa) moet jy al vyftien eksamens van die beroepsliggaam slaag en ook gepaste werksondervinding opdoen. Suksesvolle studie by 'n Universiteit kan lei tot vrystelling van verskeie eksamens.

### BCom (Bedryfsielkunde) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Menslike Hulpbronbestuur. 'n BA-graad met Sielkunde en Bedryfsielkunde tot op derdejaarsvlak

**Loopbaangeleenthede:** Statutêre registrasie as Psigometris of Bedryfsielkundige by die Health Professions Council of South Africa (HPCSA) word verkry na verdere studie, 'n internskap en deur die toepaslike professionele raadseksamen te slaag. Statutêre registrasie as Bedryfsielkundige by die HPCSA word verkry na die MCom (Bedryfsielkunde)-program, 'n internskap van 12 maande en die slaag van die professionele raadseksamen.

### BRek (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **70%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **70%** OF Wiskunde **60%** EN Rekeningkunde **70%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

**Soortgelyke programme:** BCom (Finansiële Rekeningkunde) of BCom (Bestuursrekeningkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Die BRek-graad is die eerstse stap in jou opleiding as Geoktrooieerde Rekenmeester. Jy verkry die professionele kwalifikasie van Geoktrooieerde Rekenmeester as jy die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) en/of die Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA) slaag. 'n Geoktrooieerde rekenmeester kan as ouditeur werk vir 'n ouditeursfirma. Hierdie beroep word statutêr beskerm. Ander beroepe in finansiële bestuur, bestuursrekeningkunde of belastingkonsultasie kan ook oorweeg word.

### BCom (Bestuursrekeningkunde) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

**Soortgelyke programme:** BRek; BCom (Finansiële Rekeningkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Om die internasionaal erkende rekeningkundige kwalifikasie van Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester te verkry, moet jy die eksamens van die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA, Londen) slaag. Bestuursrekenmeesters gebruik finansiële vaardighede en interpreter en gebruik finansiële inligting in die bestuur van 'n onderneming.

### BCom (Finansiële Rekeningkunde) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Huistaal **50%** OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal **60%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**

**Soortgelyke programme:** BRek; BCom (Bestuursrekeningkunde)

**Loopbaangeleenthede:** Om die internasionaal erkende professionele kwalifikasie van Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeester te verkry, moet jy die eksamens van die Association of Chartered Certified Accountants (ACCA, Londen) slaag. Gesertifiseerde rekenmeesters berei finansiële state voor, doen interne ouditering en verskaf belasting- en besigheidsadvies.

## FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

**Toelatings- en keuringsvereistes**

- 'n Gemiddelde van minstens **60%** vir die NSS-, IEB of 'n ekwivalente skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **40%** OF Wiskundige Geletterdheid **60%**
  EN
  *Leerders wat in Afrikaans skoolgegaan het:*
- Afrikaans Huistaal **60%**
- Engels OF isiXhosa Huistaal of Eerste Addisionele Taal **50%**
  OF
  *Leerders wat in Engels skoolgegaan het:*
- Engels Huistaal **60%**
- Afrikaans OF isiXhosa Huistaal of Eerste Addisionele Taal **50%**
  OF
  *Leerders wat in isiXhosa skoolgegaan het:*
- IsiXhosa Huistaal **60%**
- Afrikaans OF Engels Huistaal of Eerste Addisionele Taal **50%**

BEd (Intermediêrefaseonderrig): Verdere vereistes hang af van die skoolvakke wat jy kies om te onderrig.

### BEd (Grondslagfaseonderrig) (4 jaar)

**125 plekke in die program.**

**Loopbaangeleenthede:** Onderwyser/es vir graad R tot 3. Jy kan nagraadse programme volg: sien die jaarboek van Opvoedkunde op die webtuiste www.sun.ac.za. Oorweeg dit om 'n taalpraktisyn, redigeerder of proefleser te word as jy belangstel in tale.

## BEd (Intermediêrefaseonderrig) (4 jaar)

**125 plekke in die program.**

Wiskunde (Ond) is verpligtend in die eerste jaar. Jy kan twee addisionele onderrigvakke uit die volgende onderrigmodules kies (let op die bykomende toelatingsvereistes vir party onderrigmodules):

- Wiskunde (eerste jaar slaag met **60%**)
- Lewensvaardighede
- Natuurwetenskappe (Ond)
  - Lewenswetenskappe OF Fisiese Wetenskappe **50%**
- Sosiale Wetenskappe (Ond)
  - Geskiedenis of Geografie **50%**

**Loopbaangeleenthede:** Onderwyser/es vir graad 4 tot 7 wat twee intermediêre skoolvakke en twee tale kan onderrig. Jy kan nagraadse programme volg: sien die jaarboek van Opvoedkunde op die webtuiste www.sun.ac.za. Oorweeg dit om 'n taalpraktisyn, redigeerder of proefleser te word as jy belangstel in tale.

## Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) (1 jaar)

Kies een of verkieslik twee onderrigmodules. Alle onderrigmodules word nie noodwendig elke jaar aangebied nie. 'n Beperkte aantal studente per module word gewoonlik vereis.

- 'n Graad uit enige ander fakulteit met een of twee vakke waarin jy kan skoolhou. Kyk www.maties.com > Wat kan ek studeer? > Voorgraads > Opvoedkunde.
- Vir die onderrigmodules se vereistes, kyk Fakulteit Opvoedkunde se Jaarboek by www.maties.com > Hulpbronne > Fakulteitjaarboeke

**Loopbaangeleenthede:** Hoërskoolonderwyser in twee vakke (of in een vak met bykomende studie in dié vak). Spesialisering met verdere studie soos vir BEd hierbo. Remediërende onderwyser (HonsBEd en MEd in Opvoedkundige Ondersteuning). Opvoedkundige sielkundige (MEd Psig).

# FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Die BIng-programme is deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) geakkrediteer vir registrasie van gegradueerdes as Professionele Ingenieur, ná verwerwing van toepaslike ondervinding in die praktyk.

**Toelatings- en keuringsvereistes**

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **70%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **70%**
- Fisiese Wetenskappe **60%**
- Engels Huistaal **50%**, met geen Afrikaanse vereiste nie, OF Engels Eerste Addisionele Taal **60%**, met geen Afrikaanse vereiste nie, OF Engels Eerste Addisionele Taal **50%** met Afrikaans Huistaal **50%** OF Engels Eerste Addisionele Taal **50%** met Afrikaans Tweede Addisionele Taal **60%**
- Aansoekers word volgens keuringskriteria gekeur

Volgens die Fakulteit se keuringsriglyne word jou keuringstelling met die punte (uit 100) vir jou graad 11-vakke (vir voorwaardelike keuring) of graad 12-vakke (vir finale keuring) soos volg bereken:

**Keuringspunt = Wiskunde-persentasie + Fisiese Wetenskappe-persentasie + (6 x Matriekgemiddelde)**

Die Matriekgemiddelde is die gemiddelde van jou ses beste vakke, Lewensoriëntering uitgesluit. Die hoogste telling moontlik is 800. Let daarop dat Wiskunde en Fisiese Wetenskappe ook gewoonlik by die gemiddelde ingereken word.

Oor die afgelope paar jaar het 'n keuringstelling van 600 of meer aan 'n student 'n goeie kans op toelating in sommige programme gegee, maar in ander programme was 620 of meer nodig. Anders gestel, as jou Wiskundepunt en gemiddelde bo 75 en jou punt vir Fisiese Wetenskappe bo 65 is, gee dit jou 'n redelike kans op keuring vir sommige programme, maar vir ander programme sal 'n Wiskundepunt en gemiddelde van ten minste 80, saam met 'n Fisiese Wetenskappepunt van ten minste 70, nodig wees. Jy mag vir meer as een program aansoek doen.

## BIng-programme

### BIng (Bedryfs) (4 jaar)

**Loopbaangeleenthede:** Die hoofvertakkings van Bedryfsingenieurswese is vervaardigingstegnologie en operasionele stelselontwerp. Dit omvat belangrike fasette in die moderne industriële en dienste-omgewing, soos gehalteversekering, robotika, ingenieursekonomie, operasionele navorsing, ergonomie en inligtingstegnologie.

### BIng (Chemies) (4 jaar)

**Loopbaangeleenthede:** Chemiese ingenieurs spesialiseer in die grootskaalse bedryf van prosesse waardeur verskeie gebruikersmateriale geproduseer word, soos chemikalieë, farmaseutiese middels, kunsmis, brandstowwe, metale en ander materiale. Chemiese ingenieurswese is ook gemoeid met prosesse waar afvloeisels en afvalmateriaal verwerk en herwin word.

### BIng (Elektries en Elektronies) (4jaar)

**Loopbaangeleenthede:** Elektriese ingenieurs fokus op die opwekking, transmissie en omsetting van elektriese energie in byvoorbeeld fabrieke en munisipaliteite. Elektroniese ingenieurs fokus op die beheer van robotiese stelsels; die inwin, verwerking en verspreiding van inligting deur rekenaar- en kommunikasienetwerke soos selfoonnetwerke; en die ontwerp van rekenaars en groot programmatuurstelsels.

### BIng (Elektries en Elektronies) (Data Ingenieurswese) (4jaar)

**Loopbaangeleenthede**: Data Analyst, Data Engineer

### BIng (Meganies) (4 jaar)

**Loopbaangeleenthede:** Meganiese ingenieurswese word gekenmerk deur die beweging en oordraging van energie, soos byvoorbeeld in voertuie, vliegtuie, vaartuie, missiele, verkoelingstelsels, kragstasies en enjins, maar sluit ook in masjiene wat in alle vertakkings van die ekonomie gebruik word, onder andere prosesaanlegte en vervaardigingsnywerhede.

### BIng (Megatronies) (4 jaar)

**Loopbaangeleenthede:** Megatroniese ingenieurs fokus tipies op stelsels gekenmerk deur 'n noue integrasie van meganiese onderdele, elektroniese sensore, meganiese en elektriese aktueerders en rekenaarbeheerders. Voorbeelde van megatroniese stelsels sluit in: elektroniese enjinbeheerstelsels, robotstelsels, en geoutomatiseerde monteerlyne.

### BIng (Siviel) (4 jaar)

**Loopbaangeleenthede:** Siviele ingenieurs is verantwoordelik vir groot, permanente werke soos besproeiingskemas, brûe, damme, hawens, kanale, lughawens, paaie en strate, pypleidings, rioleringstelsels, spoorweë, strukture van verskeie tipes en struktuurfondamente, stormwaterstelsels, tonnels, torings, watervoorsieningskemas en verskeie tipes swaar konstruksiewerk.

## Verlengde Kurrikulum Programme (VKP's) (5 jaar)

Al ons BIng-programme is ook beskikbaar as VKP's, wat een jaar addisionele studie vereis. 'n Beperkte aantal aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes vir die BIng VKP's voldoen, sal gekeur word. Aansoekers wat 'n program-aanbod ontvang tot die BIng VKP's word oorweeg op grond van hul keuringstelling soos hierbo na verwys en hul sosio-ekonomiese status om sodoende voorkeur te gee aan kandidate uit onderbediende opvoedkundige agtergronde.

# FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

**Toelatings- en keuringsvereistes**

Keuring word gedoen op grond van die finale Graad 11 (of Graad 12, indien beskikbaar) en NNT uitslae in 'n 80:20 verhouding.

## LLB (vierjarig) (4 jaar)

**Plek vir 120 studente.**

- Skryf die NNT's AQL **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **70%** vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewens-oriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%**
  *Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*
- Wiskunde **60%**

Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen.

**Soortgelyke programme:** BRekLLB, BCom (Regsgeleerdheid), BA (Regsgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Loopbaan in die regte, bv. advokaat, prokureur of as regsadviseur op te tree, nadat jy die vereiste praktiese opleiding ondergaan en die toepaslike toelatingseksamen geslaag het.

## LLB (driejarig) (3 jaar)

**Plek vir 50 studente in die program.** Slegs beskikbaar as 'n tweede B-graad. Keuring is gebaseer op vorige B-graad se uitslae.

- Enige B-graad van 'n Suid-Afrikaanse Universiteit
- Gemiddelde van minstens **60%** in die finale jaar.

## BA (Regsgeleerdheid) (3 jaar)

**Plek vir 55 studente.**

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

- Skryf die NNT's AQL **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **70%** vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%**
  *Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*
- Wiskunde **60%**

Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen.

**Soortgelyke programme:** LLB, BRekLLB, BCom (Regsgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Die graad verryk 'n mens se begrip van tale, menslike gedrag en sosiale kwessies. Die BA (Regsgeleerdheid)-graad bied ook toegang tot die 2-jaar LLB-graad, wat jy moet voltooi as jy 'n regspraktisyn (prokureur of advokaat) wil word.

## BCom (Regsgeleerdheid) (3 jaar)

**Plek vir 80 studente.**

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

- Skryf die NNT's AQL en MAT **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **70%** vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%**
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programme:** LLB, BRekLLB, BA (Regsgeleerdheid)

**Loopbaangeleenthede:** Die graad bied die nodige agtergrond vir 'n loopbaan in die sakewêreld en kommersiële reg. Die BCom (Regsgeleerdheid)-graad bied ook toegang tot die 2-jaar LLB-graad, wat jy moet voltooi as jy 'n regspraktisyn (prokureur of advokaat) wil word.

## BRekLLB (5 jaar)

**Plek vir 35 studente.**

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

- Skryf die NNT's AQL en MAT **voor 31 Julie**
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens **80%** vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal **60%** OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal **70%**
- Wiskunde **70%** OF Wiskunde **60%** en Rekeningkunde **70%**

**Soortgelyke programme:** LLB, BCom (Regsgeleerdheid), BA

**Loopbaangeleenthede:** Die BRekLLB-graad is uniek en kombineer twee grade. Gegradueerdes kan dus kies om 'n loopbaan in die regte, rekeningkunde of enige verwante veld te volg. Die LLB stel jou in staat om die regsberoep te betree nadat jy praktiese opleiding voltooi het en die voorgeskrewe eksamens geslaag het. Die BRek gee jou toegang tot 'n Honneurs- of NG-dip in Rekeningkunde, wat onder andere nodig is om 'n geoktrooieerde rekenmeester te word.

# FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Ons programme is geakkrediteer vir professionele registrasie deur beroepsliggame soos die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) en die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV).

**Toelatings- en keuringsvereistes**

Alle aansoekers moet voldoen aan die minimum toelatingsvereistes vir die program waarvoor hul aansoek doen. Aansoekers word in een van die volgende kategorieë oorweeg:

1. Huidige leerders (graad 12) en gematrikuleerdes word gekeur op grond van hul akademiese meriete
2. Geregistreerde universiteitstudente (vir MBChB word slegs geregistreerde US-studente oorweeg) word op sowel akademiese meriete as nieakademiese prestasies gekeur, soos in die riglyne per program aangedui.
3. Aansoekers met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring word op sowel akademiese meriete as nieakademiese prestasies gekeur, soos in die riglyne per program aangedui.

## MBChB (6 jaar)

**±300 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde van minstens **75%** vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **60%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** Verwys gerus na die Fakulteitskeuringsriglyne. www.maties.com > Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.

**Loopbaangeleenthede:** Ná 'n verdere twee jaar van internskap en 'n gemeenskapsdiensjaar kan jy in die kategorie Onafhanklike Mediese Praktisyn by die RGSA registreer.

## B in Verpleegkunde (4 jaar)

**±50 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde van minstens **60%** vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **40%** of Wiskunde Geletterdheid **70%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Dieetkunde; B in Arbeidsterapie; BSc in Fisioterapie en B in Spraak-Taal terapie

**Loopbaangeleenthede:** Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Verpleeg- en Verloskundige by die SARV registreer.

## B in Arbeidsterapie (4 jaar)

**±50 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde van minstens **60%** vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **40%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme**: BSc in Fisioterapie; B in Verpleegkunde; BSc in Dieetkunde; BSc in Menslike Lewenswetenskappe

**Loopbaangeleenthede:** Na 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Arbeidsterapeut by die RGSA registreer.

## BSc in Dieetkunde (4 jaar)

**±35 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde van minstens **60%** vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BSc in Voedselwetenskappe; BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie; B in Arbeidsterapie; BSc in Fisioterapie

**Loopbaangeleenthede:** Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Dieetkundige by die RGSA registreer.

## BSc in Fisioterapie (4 jaar)

**±55 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde van minstens **60%** vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Lewenswetenskappe **50%**

**Soortgelyke programme:** BA in Sportwetenskap; BSc in Sportwetenskap; BSc in Menslike Lewenswetenskappe; B in Verpleegkunde; B in Arbeidsterapie

**Loopbaangeleenthede:** Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Fisioterapeut by die RGSA registreer.

## B in Spraak-Taal terapie (4 jaar)

**±30 kandidate word jaarliks gekeur.**

- 'n Gemiddelde van minstens **60%** vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Fisiese Wetenskappe OF Lewenswetenskappe **50%**
- Ten minste TWEE van die volgende DRIE tale (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **60%**: Engels EN/OF Afrikaans EN/OF 'n derde taal.

**Soortgelyke programme:** B in Arbeidsterapie; BSc in Fisioterapie; BSc in Menslike Lewenswetenskappe

**Loopbaangeleenthede:** Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Spraak-taalterapeut by die RGSA registreer.

# FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Studente word aangemoedig om hulle drie jaar lange BSc-graad op te volg met 'n honneursgraad. Dit sal jou in staat stel om erkenning en registrasie (waar van toepassing) as 'n professionele wetenskaplike te verkry en jou loopbaangeleenthede verbreed. Al die voorgraadse programme wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word, lei tot nagraadse programme in die Fakulteit Natuurwetenskappe; of in sommige van die ander fakulteite.

Vir meer inligting oor nagraadse programme, raadpleeg asseblief die Universiteit se Nagraadse Prospektus by https://www.sun.ac.za/english/pgstudies/

**Toelatings- en keuringsvereistes**

Volgens die Fakulteit se keuringsriglyne word jou keuringspunt met jou finale graad 11-uitslae (vir voorwaardelike keuring) of graad 12-finale skooleindeksamenuitslae (vir finale keuring) soos volg bereken:

**Keuringspunt: [(Wiskunde x 2) + 5 ander vakke (waarvan ten minste een Afrikaans of Engels moet wees; Lewensoriëntering uitgesluit)] ÷ 7**

**Nota oor toelatingsvereiste vir Wiskunde****

Die Wiskundevereiste van 'n program hang af van jou vakkeuse in jou eerste jaar op universiteit.

- Indien jy Wiskunde en Fisika as eerstejaarsvakke neem: Wiskunde **70%**
- Indien jy Wiskunde (Bio) en Fisika (Bio) as eerstejaarsvakke neem: Wiskunde **60%**

## PROGRAMME IN DIE BIOLOGIESE WETENSKAPPE

### BSc in Biodiversiteit en Ekologie (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programme:** BSc met fokusarea Biowiskunde; BSc in Bewaringsekologie; BScAgric in Plant- en Grondwetenskappe; BScAgric in Diereproduksiestelsels

**Loopbaangeleenthede:**plantkundige, dierkundige, plantbiotegnoloog, bewaringswetenskaplike, forensiese wetenskaplike, mariene wetenskaplike, omgewingsevalueringspraktisyn, bewaringstegnikus, ekoloog, laboratoriumanalis, omgewingskonsultant, omgewingsimpakkundige, grondgebruikbeplanner, landbou-adviseur, omgewingsopvoeder, lewenswetenskappe-onderwyser (na voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat)

### BSc in Menslike Lewenswetenskappe (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%** of **70%** (na gelang van jou keuse van jou eerstejaar se Wiskunde en Fisika)**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Biologie
- Biologie met Sielkunde

**Soortgelyke programme:** BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie; BSc met fokusarea Toegepaste Medisinale Chemie, of fokusarea Biomediese Wiskundige Wetenskappe

**Loopbaangeleenthede:** forensiese wetenskaplike, fisioloog, stamselnavorser, laboratoriumanalis, mediese verteenwoordiger, biomediese wetenskaplike, oefeningfisioloog, voedingkundige, kliniese navorser, biochemikus, menslike genetikus, forensiese of kliniese sielkundige (met die toepaslike nagraadse kwalifikasies), lewenswetenskappe-onderwyser (na voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), antropometris, biotegnoloog: werk op menslike selle, ontwikkeling van nuwe geneesmiddels, wetenskapsjoernalis (met die nodige nagraadse kwalifikasie)

### BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%** of **70%** (na gelang van jou keuse van jou eerstejaar se Wiskunde en Fisika)**

**Soortgelyke programme:** BSc in Menslike Lewenswetenskappe; BSc in Chemie; BSc met fokusarea Toegepaste Medisinale Chemie, of fokusarea Bioinformatika en Berekeningsbiologie; BScAgric in Wingerd- en Wynkunde

**Loopbaangeleenthede**: plantbiotegnoloog, forensiese wetenskaplike, mariene wetenskaplike, omgewingsevalueringspraktisyn, laboratorium analis, voedselinspeksie-ontleder, biochemikus, genetikus, lewenswetenskappe-onderwyser (na voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), biobrandstof-ontwikkelaar, mikrobioloog, biotegnoloog: werk op selle, giste, bakterieë, fungi en virusse om siektevrye plante, nuwe geneesmiddels, of ensieme wat nuttig is vir die nywerheids- of mynsektor, te ontwikkel, watertegnoloog

### BSc in Sportwetenskap (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%**

**Soortgelyke programmes:** BA in Sportwetenskap; BSc in Menslike Lewenswetenskappe; BSc in Fisioterapie

**Loopbaangeleenthede:** sportafrigter, sportbestuurder, sportwetenskaplike, sportfisioloog, werk met persone met gestremdhede, fiksheidsdeskundige, biokinetikus (met die nodige nagraadse kwalifikasie), persoonlike afrigter, onderwyser (na voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat)

## PROGRAMME IN DIE FISIESE WETENSKAPPE

### BSc in Chemie (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **70%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Chemie en Polimeerwetenskap
- Chemiese Biologie
- Materiaaltegnologie

**Soortelyke programme:** BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie; BSc met fokusarea Toegepaste Medisinale Chemie; BSc in Aardwetenskappe; BSc in Voedselwetenskap

**Loopbaangeleenthede**: navorsingswetenskaplike, gehalteversekeringsbestuurder, rampbestuursbeampte, analitiese chemikus, toksikoloog, farmakoloog, beroepe in die verpakkings-, verf-, kleefmiddel- en tekstielbedryf, sowel as in die vervaardigingsektor of met verskaffers van grondstowwe, beroepe gemoeid met die beplanning en bedryf van chemiese aanlegte, die ontwikkeling van analitiese metodes en produksieprosesse, bemarking van chemikalieë en wetenskaplike instrumente, omgewingswetenskaplike, forensiese ontleder, vervaardiger van plaagdoders, farmaseutiese produkte, kosmetiese- en geurmiddels, chemikus wat met prosesse werk en gehaltebeheer van grondstowwe en vervaardigde produkte moet uitoefen, produkontwikkelaar (bv. prosteses, sportdrag en -toerusting, beskermende klere), tekstielwetenskaplike (mediese tekstiele, industriële tekstiele, mikrovesels, nanovesels), tegniese verkoopsbestuurder, produksiebestuurder, kwaliteitsbestuurder, aankoper, fisiese wetenskappe-onderwyser (na voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), patentregprokureur (met die nodige nagraadse kwalifikasie)

### BSc in Aardwetenskap (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%** OF **70%** (na gelang van jou keuse van jou eerstejaar se Wiskunde en Fisika)**

**Fokusareas (kies een)**
- Toegepaste Aardwetenskap
- Geo-omgewingswetenskap

**Soortgelyke programme:** BSc in Biodiversiteit en Ekologie; BSc in Chemie; BScAgric in Plant-en Grondwetenskappe

**Loopbaangeleenthede:** omgewingskonsultant, grondwaterspesialis, geotegniese geoloog, grondkundige, grondgebruikrehabilitasie, geoloog, mynbougeoloog, omgewingsrehabilitasie-ingenieur, eksplorasiekonsultant, omgewingsgeochemikus, seismoloog, gesteentekenner, mariene geoloog, toegepaste mineraloloog, vulkanoloog, geofisikus

## BSc in GeoInformatika (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **60%** of **70%** (na gelang van jou keuse van jou eerstejaar se Wiskunde en Fisika)**

**Soortgelyke programme:** BSc in Aardwetenskappe; BSc in Rekenaarwetenskap; BA in Ontwikkeling en Omgewing

**Loopbaangeleenthede**: hoof ruimtelike inligtingsbeampte, georuimtelike inligtingsintegreerder, afstandwaarnemingspesialis, meteoroloog, GIS- (Geografiese Inligtingstelsels) tegnikus, vervoerbeplanning, kartografie, kaartontwerper, georuimtelike sagteware-ingenieur, klimatoloog, aardwaarnemingspesialiste (afstandwaarneming) wat vir omgewingskonsultasiegroepe, aardwaarnemingsontleder, werk vir omgewingskonsultgroepe, beplannings- en ingenieursfirmas, programmatuurontwikkeling- en rekenaarkonsultgroepe op alle regeringsvlakke betrokke by hulpbron- en infrastruktuurbestuur, agentskappe gemoeid met natuurlike en menslike hulpbronontwikkeling, mineraaleksplorasie en mynbou.

## BSc in Fisika (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**
- Wiskunde **70%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Laserfisika (Fisiese), Kernfisika, Stralings- en Gesondheidsfisika
- Laserfisika (Biologiese)
- Teoretiese Fisika

**Soortgelyke programme:** BSc in Chemie; BSc in Wiskundige Wetenskappe met fokusarea Toegepaste Wiskunde

**Loopbaangeleenthede:** bestralingsbeskermingspraktisyn, mediese fisikus, nanotegnoloog, data-ontleder, fisiese wetenskappe-onderwyser (na voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), geofisikus, mediese industrie, luggehalte-assessor, atmosferiese modelleerder, forensiese fisikus, navorsingsgeleenthede by die versnellersentrum iThemba Laboratorium vir snellergebaseerde wetenskappe (iThemba LABS) en nywerhede soos Eskom, WNNR, Sasol, die SABS, loopbaan in nywerhede gemoeid met optiese stelsels, kommunikasie (optiese vesels), ekologie (besoedelingsmonitering), kriminologie (forensiese wetenskap), verdediging (beheer en kommunikasie), kernkragsentrales en myne, werk in die breë velde van inligtingstegnologie, geologie, biologiese en finansiële sektor, astrofisikus, kosmoloog

## PROGRAMME IN DIE WISKUNDIGE WETENSKAPPE

**Loopbaangeleenthede:** aktuariële analis, kwantitatiewe analis, kredietontleder, risikobestuurder, risikoprodukontwikkelaar, besigheidsintelligensie-ontleder, forensiese rekenaaranalis, rekenaarstelselontleder, databasisadministrateur, finansiële ontleder, wiskundige, operasionele navorsingsontleder, akoestiese konsultant, data-ontleder, beleggingsontleder, sagtewaretoetser, speletjie-ontwerper en -ontwikkelaar, CAD-ontwerper, finansiële bestuurder, wiskunde-onderwyser (na voltooiing van Nagraadse Onderwyssertifikaat), bedryfsnavorser, voorsieningsketting-analis, datawetenskaplike, dosent, navorser in interdissiplinêre wetenskapsvelde wat meer steun op strukturele wiskunde as analitiese wiskunde, konsultant in ingenieursbedryf, programmeerder, kundige in die modellering van dinamiese prosesse, beeldverwerking, numeriese metodes en vloeimodellering in die bankwese of die ingenieurs- of rekenaarbedryf, loopbane wat gesofistikeerde kwantitatiewe vaardighede vereis, soos in die bank-, beleggings-, en versekeringsektore, proses- of stelseloptimeerder, logistieke kenner in die vervoer- en voorsieningsektore, projekontwikkelaar, beplanner, ook toepassingsmoontlikhede in maatskappyboerdery, mynbou, bosbou, vervaardigingsektor, produkbemarking, stelselontwerper, sagteware-ontwikkelaar in die sekuriteitsbedryf en bankwese, netwerkspesialis, ontwerper van mobiele toepassings vir slimfone en tablette, 3D-animeerder vir die filmbedryf.

## BSc in Wiskundige Wetenskappe (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **70%**
  *Indien jy Chemie of Fisika as keuse- of verpligte universiteitsvak neem:*
- Fisiese Wetenskappe **50%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Abstrakte Wiskunde
- Operasionele Navorsing
- Toegepaste Wiskunde
- Wiskunde

**Soortgelyke programme:** BSc in Rekenaarwetenskap; BIng; BSc in Fisika, BCom in Wiskundige wetenskappe.

## BSc in Rekenaarwetenskap (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **70%**
  *Indien jy Chemie of Fisika as keuse- of verpligte universiteitsvak neem:*
- Fisiese Wetenskappe **50%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Algemene Rekenaarwetenskap
- Rekenaarstelsels
- Datawetenskap
- Rekenaarwetenskap met Genetika
- Rekenaarwetenskap met Geografiese Inligtingstegnologie

**Soortgelyke programme:** BSc in Wiskundige Wetenskappe; BIng; BSc in Fisika; BSc in GeoInformatika; BSc met fokusarea Bioinformatika en Berekeningsbiologie, BCom in Wiskundige Wetenskappe.

## INTERDISSIPLINêRE PROGRAMME

**Loopbaangeleenthede:** ontleder, ontwikkelingschemikus, navorsingsassistent, ter plaatse chemikus, mediese chemikus, datawetenskaplike, masjienleeringenieur, masjienleerwetenskaplike, toepassingsargitek, besigheidsintelligensie-ontwikkelaar, statistikus, data-ontleder, tree op as skakelpersoon tussen pasiënte en mediese industrie, farmaseutiese wetenskaplike, kliniese toetsingsbeampte, kundige oor regulering van middels, kwaliteitsbeheerspesialis, mediese verteenwoordiger, mediese epidemioloog, biomediese ingenieur, verpersoonlikte medisyne-analis, navorser op gebied van sisteembiologie, wetenskaplike wat inligting oor newe-effekte van middels insamel en bestudeer

## BSc (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **65%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **50%**
- Wiskunde **70%**
- Fisiese Wetenskappe **50%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Biomediese Wiskundige Wetenskappe
- Toegepaste Medisinale Chemie
- Bioinformatika en Berekeningsbiologie
- Biowiskunde

## B in Datawetenskap (BDatSci) (4 jaar)

Interfakultêre program

- 'n NSS-gemiddeld van minstens **80%** (Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde **80%** PLUS een van die volgende:
- Afrikaans Huistaal **60%** OF
- Engels Huistaal **60%** OF
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal **75%** OF
- Engels Eerste Addisionele Taal **75%**

**Fokusareas (jy kies een)**
- Rekenaarwetenskap
- Toegepaste Wiskunde
- Statistiese Fisika

**Soortgelyke programme:** BSc in Rekenaarwetenskap; BIng; BSc in Fisika; BSc in Wiskundige Wetenskappe; BSc met fokusarea Bioinformatika en Berekeningsbiologie, of Biomediese Wiskundige Wetenskappe, BCom in Wiskundige Wetenskap.

## Verlengde Kurrikulum Programme (VKP's)

Alle BSc-programme in die biologiese, fisiese en wiskundige wetenskappe word ook as verlengde kurrikulum programme (VKP's) aangebied, wat een bykomende studiejaar – met 'n spesiale kurrikulum in die eerste jaar - tot gevolg het.

'n Aansoeker wat die voorwaardelike aanbod vir 'n program in die fakulteit Natuurwetenskappe aanvaar het, maar wie se skooleinduitslae nie aan die minimum toelatingsvereistes van die spesifieke program voldoen nie, kan vir 'n verlengdekurrikulumprogram oorweeg word op voorwaarde dat die aansoeker:.
- nie voorheen by die Universiteit Stellenbosch of by enige ander hoëronderwysinstelling geregistreer was nie; en
- voldoen aan die sosio-ekonomiese status (SES) vereistes van die Universiteit se Toelatingsbeleid; en
- in een van die volgende kategorieë val.

**Minimum toelatingsvereistes – Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en International Examination Board (IEB)**

'n Finale punt van minstens 4 (50%) in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) EN
Voldoen aan **een** van die volgende **drie kombinasies**:

**Biologiese Wetenskappe**

| Kombinasie 1 | Kombinasie 2 | Kombinasie 3 |
|---|---|---|
| Wiskunde **5 (≥60%)** | Wiskunde **5 (≥55%)** | Wiskunde **5 (≥60%)** |
| Fiesiese Wetenskap **4 (≥50%)** | Fiesiese Wetenskap **4 (≥50%)** | Fiesiese Wetenskap **4 (≥45%)** |
| Gemiddelde (sonder LO*) ≥60% | Gemiddelde (sonder LO*) ≥65% | Gemiddelde (sonder LO*) ≥65% |

**Physical and Mathematical Sciences**

| Kombinasie 1 | Kombinasie 2 | Kombinasie 3 |
|---|---|---|
| Wiskunde **6 (≥70%)** | Wiskunde **≥65%** | Wiskunde **6 (≥70%)** |
| Fisiese Wetenskap **4 (≥50%)** | Physical Science **4 (≥50%)** | Physical Science **≥45%** |
| Gemiddelde (sonder LO*) ≥60% | Gemiddelde (sonder LO*) ≥65% | Gemiddelde (sonder LO*) ≥65% |

# FACULTY OF THEOLOGY

## BTh (Baccalaureus in die Teologie) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)

**Soortgelyke programme:** BDiv (Baccalaureus Divinitatis); B in Maatskaplike Werk

**Loopbaangeleenthede:** Jeugwerker, berader of gemeenskapswerker

## BDiv (Baccalaureus Divinitatis) (4 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)

**Soortgelyke programme:** BTh (Baccalaureus in die Teologie)

**Loopbaangeleenthede:** Eerste stap in die opleiding van predikante. Om predikant te word in die NGK of die VGK, volg die BDiv op met die MDiv. NGK-kandidate verwerf ook die Nagraadse Diploma in Teologie (Christelike Bediening). Bedieningskandidate van die Anglikaanse Kerk, Presbiteriaanse Kerk en Volkskerk word deur hul denominasies verder opgelei.

## Verlengde Kurrikulum Programme (VKP's) (+1 jaar)

Kandidate vir die BTh en die BDiv kan vir 'n verlengde kurrikulum program in aanmerking kom.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens **55%** maar laer as **60%** (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Onderhoud met die Dekaan of 'n verteenwoordiger, indien benodig
- Kandidate word gekeur vir die beperkte aantal plekker wat beskikbaar is.

## Vrywaring

*Die Universiteit het die reg om die inligting in hierdie brosjure deurlopend en soos nodig aan te pas. Dié inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die inligting word hier so akkuraat en uitvoerig gegee as wat na ons beste wete teen druktyd in Desember 2023 moontlik was. Dit bly die voornemende student se verantwoordelikheid om die gegewe inligting te bevestig. Die nuutste inligting is beskikbaar op www.maties.com en by die telefoonnommers in hierdie brosjure.*

# BLY OP HOOGTE

www.maties.com

# VOLG ONS

Facebook: www.facebook.com/stellenboschuniversity
Twitter: @StellenboschUni
Instagram: www.instagram.com/stellenboschuni
YouTube: www.youtube.com/user/StellenboschUni

Doen aansoek by Universiteit Stellenbosch

Verblyf

Finansiële hulp

Gelde

# Kliëntedienssentrum

Telephone: +27 21 808 9111
Fax: +27 21 808 3822
E-mail: info@sun.ac.za

Private Bag X1
Matieland, 7602
South Africa